



SA BOERPERD TELERGENOOTSAP

## NUUSBRIEF

Junie 2015

### *Boerperd Vriende*

*Soos u sal sien in hierdie Nuusbrieff, is die Raadslede werklik druk aan die werk om al die besluite wat op die AJV 2014 geneem is te implementeer. Tussen Nuusbriewe gebeur daar dus baie agter die skerms. Ek stel voor dat u gereeld die webblad nagaan om op hoogte te bly van nuwe toevoegings en voltooid take. Gereelde sms-boodskappe hou ook die korrespondensie aan die gang. Baie dankie aan Elize in die kantoor wat ons gereeld en betyds herinner aan al die aktiwiteite wat ons eintlik net in ons dagboeke moes aanteken!*

*Ons wil graag in hierdie Nuusbrieff beklemtoon dat u uself deeglik moet vergewis van al die veranderde skou-reëls soos besluit op die AJV 2014. Die veranderinge is in ROOI aangebring en die nuutste weergawe verskyn op die webblad. Dit wat nie op die webblad beskikbaar is nie, word hierby aangeheg aangesien ons tans 'n probleem by SA Stamboek ondervind met webblad administrasie.*

### *Geniet die Nuusbrieff!*

*Frikkie Combrink*

*President: SA Boerperd Telersgenootskap*

### IN HIERDIE NUUSBRIEF:

1. AKTIWITEITE VAN DIE RAAD
  - 1.1 Webblad
  - 1.2 Grondwetlike wysiging t.o.v. die verkiesing van die Raad
  - 1.3 Keuringstoere & Mikro-skyfies
  - 1.4 Finansies - Kuddelyste
  - 1.5 Skenking aan Hoërskool Wagpos
  - 1.6 Belangrike datums
2. SAEF – iets om oor te dink....
3. NASIONALE SA BOERPERD KAMPIOENSKAPPE: 29 Junie – 4 Julie 2015
  - 3.1 Borg van skou-klasse
  - 3.2 In- en om die arena, opwarmingsarea, versamelring & stalle
  - 3.3 Skou-reëls
  - 3.4 Wenke vanaf die beoordelaars na afloop van die Bosberaad
  - 3.5 Beoordelingsprosedure van ster-vul klas
  - 3.6 Leiriem klasse
  - 3.7 Skou-spring
  - 3.8 Foto's
  - 3.9 Elektroniese inskrywingsprosedures
  - 3.10 Stalindelings
  - 3.11 Vertonersfunksie – Vrydagaand, 3 Julie 2015
  - 3.12 Werkswinkel: In-hand skoupraktyk – Sydney Kidson
4. JEUG AKSIE
5. NEEM KENNIS.....



## 1. AKTIWITEITE VAN DIE RAAD

### 1.1 WEBBLAD

Die volgende is reeds op die webblad geplaas vir u aandag:

- AJV 2014 se besluite soos vervat in die Notule (onder AGEMEEN);
- Inskrywings is elektronies oop vir die Nasionale skou (ONDER SKOU);
- Die nuwe klaslys en klasbeskrywings, asook beoordelingsprosedure van veral die nuwe klasse;
- Wysigings in skou-reëls soos op die AJV 2014 bespreek (onder REËLS & REGULASIES);
- Goedgekeurde grondwetlike veranderinge (AJV 2014);

### 1.2 GRONDWETLIKE WYSINGING T.O.V. DIE VERKIESING & STRUKTUUR VAN DIE RAAD

U sal onthou dat daar tydens die AJV 2014 aan die Raad 'n mandaat gegee is om 'n konsepdokument op te stel vir die verandering van die struktuur en verkiesingsprosedures van die toekomstige Raad. Die ondersoek is voltooi en die dokument sal voor die volgende AJV 2015 aan u gestuur word om te bestudeer voor die volgende AJV.

### 1.3 KEURINGSTOERE & MIKRO-SKYFIES

Die keuringstoere is nou afgehandel. Tydens die keurings kon keurders vir perde mikro-skyfies inplant vir identifisering. Die gebruik is baie positief ontvang en die Keurders sal beslis in die toekoms daarmee volhou. Hare word steeds getrek om seker te maak die identiteit van die perd is korrek en geverifieer.

Baie geluk aan Udo Beneke met sy aanstelling as SA Boerperd Keurder.

### 1.4 FINANSIES – PER KAPITA KUDDELYSTE

Almal het reeds die per kapita kuddelyste 'n maand gelede ontvang vir regstelling en betaling op 15 Junie 2015. Verlede jaar het slegs 'n skokkende 37% van telers hierdie lyste ingestuur saam met hulle betaling. Dit het tot gevolg dat kuddelyste nie gekorrigeer kon word nie. Dit vorm dan ook 'n groot deel van die probleme met rekenaarprogramme wat verkeerde inligting verskaf en eienaarskappe van perde wat op die nippertjie voor skoue reggestel moet word.



Stoete kan hulle eie nuutste kuddelyste vanaf Logix in Excel formaat druk, wat dit makliker maak om verandering aan te dui en aan die kantoor deur te gee.

### 1.5 SKENKING AAN HOËRSKOOI WAGPOS



Ons kom al 'n lang pad saam met Hoërskool Wagpos. Vir die van u wat nie weet nie: dit is 'n Landbou skool wat ook perde as deel van hulle aktiwiteite aanbied. Bo en behalwe die versorging en opvoedkundige aktiwiteite wat d.m.v. perde by hulle kurrikulum ingesluit is, kry die kinder deur die skenking van die perde dan ook die geleentheid om aan SANESA te kan deelneem. Baie dankie aan die volgende persone vir die perde wat hulle geskenk het: Mnr. David de Wet (Disselboom Stoet); Mnr. Udo Beneke (Ekeneb Stoet); Mnr. Terreblanche (Roemryk stoet); Mnr. Willie Jacobsz (Lujana Stoet); Jannie Jacobsz (Calela Stoet); Charles Campher (Calista Stoet); Frikkie Combrink (Tokoza Stoet).



## BELANGRIKE DATUMS

6 Junie 2015

BOSBERAAD

SLEGS VIR SA BOERPERD BEOORDELAARS  
Afridome, Parys

3 Oktober 2015\*

AJV 2015

Afridome, Parys

4 - 10 Oktober 2015\*

VOLLEDIGE BEOORDLEAARSKURSUS & EKSAMENS

Afridome, Parys

\* Datum onderhewig aan verandering

## 2. SAEF – lets om oor te dink.....

Die SA Boerperd Telersgenootskap reeds tydens die vorige AJV 2014 besluit om pro-aktief op te tree deur ons huidige struktuur te ondersoek en aan die die AJV 2015 voor te stel hoe dit afgewentel kan word in ons Genootskap. Na die meeste klubvergadering gehou is, weerspieël die klubs nou ook die SASCOC sport struktuur in die klein. As ons uiteindelik by die SAEF wil aansoek doen om 'n Associate Member te wees, kan die voorsitter van die SA Boerperd Telersgenootskap ook na direksie vergaderings van die SAEF genooi word waar punte wat ons as telers direk raak soos bv. die regulering van paspoorte en CEM, bespreek en oor besluit word. Daar bestaan tans bv. nie 'n WET dat alle perde se paspoorte en inentings deur 'n veearts afgeteken moet word nie, maar dit is wel by die *showing* reëls so ingeskryf. Dit is egter vir ons as telers 'n groot probleem het wat aangespreek moet word. Indien ons stemreg op die SAEF se direksie het, sal ons nie alleen kan deelneem en bydraes lewer tydens besprekingspunte soos hierdie nie, maar ons sal ook daarvoor kan stem.



Indien die RV 2015 besluit om die nuwe (SASCOC) struktuur te implementeer, kan ook die SA Boerperd klubs dan aansoek doen om op provinsiale vlak by die SAEF struktuur erken te word. So kan klubvoorsitters beskikbaar wees vir verkiesing op komitees in hulle provinsies. Die Gauteng SA Boerperd



klub sal dus op dieselfde vlak as bv. Misty Meadows of KEP se klubs kan aansluit as lid van Tswane se provinsiale struktuur wat verteenwoordiging op die SAEF het. Dieselfde sal gebeur met die ander klubs, maar in hulle onderskeie provinsies.

Op hierdie wyse sal ons lede ook verkies kan word op die bestuur van die onderskeie provinsies waar alle perderasse en dissiplines verteenwoordig word. Ons word dan so ook geken in die besluitnemingsprosesse wat almal wat skou en teel, raak. Dit is dus moontlik vir SA Boerperd telers om op die tegniese komitees van die verskillende dissiplines soos bv. *showing*, *show jumping*, *eventing*, ens. verkies te word waar ons dan insette sal kan lewer met die maak van reëls en vasstelling van prosedures.

#### VOORGESTELDE PROSEDURE:

1. Die Konstitusie wat reeds verander is volgens die mandaat van die AJV 2014, word ook in Engels vertaal en aan die SAEF gestuur vir evaluering en goedkeuring.
2. Die aangepaste Konstitusie, word aan die AJV 2015 voorgelê vir goedkeuring en implementering.
3. Implementering van die nuwe konstitusie en stemming van die nuwe Raad wat berus op provinsiale verteenwoordiging, vind plaas.
4. Na implementering, doen die SA Boerperd Telersgenootskap aansoek vir *Associate Membership* by die SAEF.
5. Klubs kan nou aansoek doen om as amptelike SAEF klubs in hulle provinsies erken te word en sodoende dieselfde geleentheid en verteenwoordiging as ander multidissiplinêre klubs verkry.

### 3. NASIONALE SA BOERPERD KAMPIOENSKAPPE : 29 Junie – 4 Julie 2015



Teen die tyd wat u hierdie Nuusbrief ontvang, is al die SA Boerperd Skoue- en Kampioenskappe, met die uitsonderings van Gauteng, reeds afgehandel. Die foto's en uitslae is reeds op die webblad beskikbaar. Die nuwe klasse en skou-reëls is geïmplementeer. Waar daar grys areas ontstaan het, is dit nou in die nuutste skou-reëls en prosedures aangespreek. Hieronder gaan ons dus 'n klomp inligting aan u deurgee ter voorbereiding van die Nasionale Kampioenskappe. Die rekenaarprogram is ook getoets en uitgesorteer.

Navrae:

Heleen Pope  
082 630 1827  
heleenpope@gmail.com

KLUB	VERTEENWOODIGER	TAKE
RAADSLID	Heleen Pope	Skou-Direkteur; Hoof-organiseerder.
KZN Klub	Mariaan Theron	Meet van hoewe; Stalindeling; Trek van bloed na kampioenskappe
Mpumalanga (Hoëveld Klub)	Tharina Kritzinger Nicolene Schultz	Dresseer.
Gauteng Klub	Heleen Pope	Organiseerder. Skou-direkteur.
Wes-Kaap Klub	Vicky Theunissen	Versiering van die arena.
Vrystaat Klub	Liezelle Whitehead	Skou-spring in samewerking met Petro Grové.
Namibië Klub	Kallie Swanepoel	Vertonersfunksie, Ster-hings veiling & Kalender veiling in samewerking met Martin Campher.
Addisionele lid	Petro Grové	Skou-spring en skakeling met die Dome.
Addisionele lid	AJ Burger	

#### 3.1 BORG VAN SKOUKLASSE

U het reeds sms boodskappe ontvang waar u die geleentheid kry om sekere klasreekse en/of kampioenskappe te kan borg. Die klasse sal die naamregte van die borg dra en met afkondigings genoem word, sowel as op die rosette en in die program aangebring word as advertensie.

Borg van 'n kampioenskapsklas : R 2 000.00;

Kwalifiserende klas-reeks vir een kampioenskap: R 5 000.00;

Borg van nuwe kampioenskapstroeë : Op aanvraag by die kantoor.



VOORBEELD:  
KWALIFISERENDE KLASREKES  
350 Veelsydige ryperd Kinder ruiter 0/11  
351 Veelsydige ryperd Kinder ruiter 0/15  
352 Veelsydige ryperd Junior ruiter 0/19  
353 Veelsydige ryperd Volwasse ruiter 19 jaar & ouer

**R 5 000.00**



VOORBEELD:  
KAMPIOENSKAPSKLAS  
KAMPIOEN VEELSYDIGE RYPERD  
(Klasse 350; 351; 352; 353)  
(1ste, 2de & 3de plekke)

**R 2 000.00**

### 3.2 IN- EN OM DIE ARENA, OPWARMINGSAREA, VERSAMELRING & STALLE

- Hou klein kindertjies (en grootmense) asseblief weg van die relings in die arena.
- Slegs vertoners en beamptes mag binne die arena wees.
- Beperk asseblief die verkeer voor die pawiljoene verby deur die kortste pad na en van u sitplek na binne en buite te volg.
- Moedig gerus die perde met oorgawe aan, maar moenie van die kant af les gee nie.
- Geen stalle waarin perde is mag gesluit word nie (wet op brandgevaar).

### 3.3 SKOU-REÛLS

- Maak seker u is op hoogte van die nuutste skou-reëls en beoordelingsprosedures, aangesien daar nou n.a.v. die AJV 2014 se versoek 'n groot uitbreiding van klasse (meestal Tradisioneel) was, asook nuwe klasse bygevoeg is.
- Maak VOORAF seker in watter Tradisionele klasse wel toetse teen die reling, 'n gestrekte draf en platvoet stap gevra mag word. Dit is nie 'n verskoning om "nie te weet" nie.
- **Die nuwe beoordelingsprosedures m.b.t. Tradisionele Vertoonperd- sowel as Tradisionele Plesierperd klasse, is hierby aangeheg. SA Stamboek het nie tans iemand wat die webblad op datum kan hou nie, maar dit behoort voor die skou ook beskikbaar te wees.**
- Die rekenaar is so geprogrammeer om die ouderdomme van perde en ruiters outomaties te bepaal en dan sekere klasse waar dit van toepassing is, te blokkeer.
- LET WEL: Universele klasse skou onder SASA reëls, ook in-hand. Dit is ook op die webblad beskikbaar.

### 3.4 WENKE VANAF DIE BEOORDELAARS NA DIE BOSBERAAD (6 Junie 2015)

1. Let asseblief daarop dat die beoordelingsprosedure herhaaldelik vra vir 'n draf, veral in Tradisionele klasse en dus meer energie van die ruiter en perd gaan vra.
2. Probeer om te kies in watter afdeling jou perd pas voor jy inskryf. Al word kruisinskrywings tussen die Tradisionele 3-Gang-, Tradisionele Plesierperd-, sowel as die Vertoonperd klasse toegelaat, kan te veel klasse jou perd se prestasie negatief beïnvloed – 'n pap perd vertoon nie goed nie.
3. Verstaan die verskil tussen 'n "re-ride" en 'n "workout" soos in die kursus materiaal vir beoordelaars beskryf.

#### RE-RIDE:

Dit word met die aanvang van 'n klas deur die afkondiger aangekondig. Die klas bestaan uit 2 fases.

#### 1ste fase: Uitdun-fase

Die perd moet net te kwalifiseer vir die 2de fase en kan dus 'n bietjie terug hou.

#### 2de fase: Slegs uitgesoekte perde ry.

Dit is die WORKOUT deel van beoordeling.

Die vorige beoordelingsresultate val dan weg en fase 2 word van voor af beoordeel. Foute wat in die 1ste fase begaan is, val weg.

4. Die Raad het besluit om die maksimum aantal karretjies in die arena tot 8 te beperk vir veiligheid.



### **3.5 BEOORDELINGSPROSEDURE VAN STERVUL**

**1ste Rondte:** Al die vullens staan aangetree en die beoordelaars nomineer 'n aantal (8 – 10) vullens wat deurdring na die volgende rondte, sonder om te beweeg en slegs op grond van bouvorm. Al die beoordelaars se nominasies dring deur na die volgende rondte. 'n Aantal nominasies sal noodwendig oorvleuel.

**2de Rondte:** Elke beoordelaar nomineer 3 – 4 vullens uit rondte een se groep, waarvan al die nominasies deurdring na die volgende rondte.

**3de Rondte:** Hierdie vullens word op 'n hi-low sisteem beoordeel volgens bou-vorm en beweging.

Teen die einde van die klas is al die vullens gegroep in groepe van goed, minder goed en gemiddeld. Dit het dan tot gevolg dat almal wat kyk, die verskil kan sien en daaruit leer.

### **3.6 LEIRIEM KLASSE**

- Daar word geen babas met spesiale stoeltjies op perde toegelaat nie.
- Alle kinders wat op perde in die leiriem klas ingeskryf word, moet ook reeds onafhanklik kan ry.
- Moet asseblief nie hierdie kleintjies op hingste laat ry nie – julle hings is dalk nie die probleem nie, maar die merrie voor hom wel.....
- Tydens leiriem klasse moet die persoon wat saam stap volgens skou- regulasies geklee wees: volle skou-drag, of in-hand drag. Geen plakkies of kort broeke word toegelaat nie.

### **3.7 SKOU-SPRING – Maandag 29 Junie 2015**

- Een perd kan SLEGS VIR 2 klasse inskryf.
- 'n Ruiter mag meer as een perd ry.

### **3.8 FOTO'S**

Indien u foto's bestel, is dit raadsaam om dit ook in elektroniese formaat te verkry. Op hierdie manier kan van die foto's dan gebruik word vir ons webblad, sowel as advertensies. U kan dit dan ook self meer as een keer uitdruk. Die fotograaf sal u hier van advies te voorsien. Moet asseblief nie foto's van die fotograaf se webblad af kopieër en met die watermerk op Facebook plaas nie. As jy nie vir die foto's betaal het nie, bly dit die intellektuele eiendom van die fotograaf en maak jy jouself so skuldig aan plagiaat.

### **3.9 ELEKTRONIESE INSKRYWINGSPROSEDURES**

Alle inskrywings vind vanjaar elektronies plaas vanaf die webblad. Daar is BAIE DUIDELIKE riglyne in twee afdelings in die verband op die webblad:

1. Hoe om aan te teken (login);
2. Hoe om in te skryf.



Vir die van u wat dit nog nie probeer het nie, het ek ook 'n proeflopie gedoen en die volgende 21 stappe gevolg; dit kan nie regtig beter beskryf word as in handleidings nie, maar hierdie is net vir ingeval u lysies beter verstaan.....



### STAP A: Berei voor om elektronies in te skryf (dit word voor elke skou gedoen)

1. Maak die webblad oop by [www.saboerperd.com](http://www.saboerperd.com)
2. Gaan na *Shows and Events* op die **BLOU** balk bo aan die bladsy, en selekteer *National Championships* deur ondertoe te kyk.
3. Lees die handleidings deur. Dis goed om uit te druk, dan kan daar maklik na terug verwys word.
4. Selekteer *Elektroniese inskrywings*.
5. Kyk heel regs is 'n knoppie wat lees **LOGIN** – klik daarop.
6. Selekteer dat jy as 'n stoet wil inskryf (indien wel), en sleutel dan net jou stoetnommer met die “o” vooraan, in. Los die letters (SAH) uit.
7. Die rekenaar sal vir jou 'n skakel (*link*) stuur, waarop jy dan besluit op 'n wagwoord. Klik op die skakel om dit te aktiveer. Kies tog iets maklik wat mens kan onthou!
8. Nou wag jy vir die e-pos en die skakel.

### STAP B: Kry jou aanteken (login) besonderhede om jou stoet, perde en ruiters te aktiveer



9. Aktiveer die wagwoord d.m.v. die skakel.
10. Volg nou weer stappe A1 – 6, maar sleutel die keer ook jou wagwoord in. Jy moet dit 2 keer doen. Jou stoet sal verskyn, met al jou perde, sowel as vorige ruiters se name indien jy al wel voorheen met die gebruik van die program geskou het. Jou perde sal wel reeds op die program gelaai wees.

### STAP C: Bevestig jou stoet-, perde en ruiters se besonderhede

11. Klik op **EDIT STUD** om die stoet se besonderhede volledig te verifieer. Onthou om onder aan die lys **SUBMIT** te druk om dit te aktiveer.
12. Gaan terug na C1. Bevestig en **EDIT HORSES** nou die perde waarmee jy wil skou, een vir een. Onthou om elkeen te **SUBMIT**. **Moenie enige perde verwyder nie!**
13. Gaan terug na die volledige lys en klik in die blokkies heel regs by die perde se name waarmee jy wil skou en **SUBMIT**.
14. Gaan terug na C1. Bevestig en **EDIT EXHIBITORS** op dieselfde manier as die perde: een vir een. Indien daar nuwe ruiters/koetsiers/hanteerders is, kan jy hulle net **ADD** en **SUBMIT**.



### STAP D: Skryf nou in

15. Gaan na C11, maar klik hierdie keer heel regs op **HORSES ENTER** en dan op **ENTRY VORM**. 'n Uitgebreide lys van moontlike vertoners en perde kombinasies verskyn.
  16. Selekteer die eerste ruiters-perde kombinasie. 'n Lys van alle moontlike klasse sal verskyn. Klik  slegs in die blokkie **HEEL REGS** om vir 'n klas in te skryf. Selekteer **AL** die klasse van die spesifieke ruiters-perde kombinasie so en **SUBMIT**.
  17. Indien 'n ander persoon bv. dieselfde perd as koetsier gaan dryf, begin dan weer by C11, maar selekteer die ander kombinasie. Herhaal D15 tot al die inskrywings gedoen is. Pynloos.
  18. Nadat al die inskrywings op die manier gedoen is, sal die rekenaar vir u 'n lys gee van inskrywings, met hulle klasbeskrywings en prosedures, asook 'n faktuur vir betaling.
- Daar is ook 'n opsie vir stalbespreking.
  - Die R20.00 vir die nommer deposito word outomaties bygetel.
- Al bg. word aan u ge-e-pos. Maak seker dat u alles deeglik proeflees. Hierdie is die inskrywings wat op die program gaan verskyn. Moenie wag tot die aand voor die tyd om in te skryf nie!





### **NOODSTAP: Oeps!**

Indien u 'n fout gemaak het, kan u steeds die inskrywing tot en met die sluitingsdatum verander en korrigeer.

19. Gaan weer na C11.

20. Klik op **Check entries** en vul die nodige aantekeningbesonderhede (login details) in.

21. 'n Lys van u inskrywings sal verskyn met 'n blokkie heel regs wat **DELETE** lees. Klik daarop om die verkeerde inskrywing te verwyder en doen slegs daardie inskrywing oor.

## **VERANDERINGS KAN NIE NA DIE SLUITINGSDATUM AANGEBRING WORD NIE!**

### **3.9 STALINDELINGS**

Die stal-indelings word deur Nic Jooste (0829224917) behartig. Spesifieke stalle kan bespreek word nadat die inskrywings gefinaliseer is. Stoete wat al 'n paar jaar dieselfde stalle bespreek, sal die geleentheid kry om dit weer so te bespreek. Ekstra beddegoed, sowel as bale tef sal te koop aangebied word tydens die skou. Elke stal kry 'n aanvanklike 3 sakke beddegoed in die stal.

### **3.10 VERTONERSFUNKSIE – Vrydagaand, 3 Julie 2015**

Kaartjies vir die vertonersfunksie kan by die kantien gekoop word tot en met Woensdagmiddag, 14:00. Maak seker dat u nie hierdie geleentheid misloop nie. Ons beplan 'n lekker warm spyskaart vir die koue.

### **3.11 WERKSWINKEL: IN-HAND SKOU PRAKTYK – Sydney Kidson**

Indien daar genoegsame belangstelling is, is die baie bekwame en gerespekteerde beoordelaar Mnr. Sydney Kidson bereid om tydens die skou vir ons 'n werkswinkel t.o.v. die fynere details rakende in-hand skou praktyke aan te bied. Die kursus sal R 50.00 per persoon kos. Laat weet die kantoor asb. per e-pos indien u sou belang stel. Die spesifieke tyd tydens die Kampioenskappe sal bevestig word.

## **4. JEUG AKSIE**

Tydens die afgelope jaar se SA Boerperd skoue, het die Jeug nie stilgesit nie! Op elke streekkampioenskap het hulle iets lekker gedoen en mekaar beter leer ken. Van tyd tot tyd is Facebook 'n bietjie stil....ons sal graag meer van julle SANESA foto's daar wil sien!

Ons Jeugraad is reeds druk besig om iets lekker uit te dink vir die Jeug tydens die skou. Ons gaan hierdie jaar nie baie lig-tyd hê nie (dit word vroeg-vroeg al donker en koud) en ons wil ook julle nie onnodig in die koue buite hou nie. Hou Facebook dop vir meer inligting. Ons sal julle graag bymekaar wil kry en ons aktiwiteite bespreek. Vir eers moet ons net die finale tye vir al die klasse kry.

Daar sal nie tydens die skou 'n nuwe Jeugraad aangewys word nie. Ons sal wel 'n meningspeiling onder die jeug doen, wat nie bekend gemaak sal word nie. Hou in gedagte dat daar baie lede van die Jeugraad tans in matriek is, en dat ons hulle plekke volgende jaar in provinsiale (klub) verband, sal moet vul. Hierdie ruiters is dan mos ook van volgende jaar af volwasse ruiters!

### **VOORLOPIGE BEPLANNING: SANESA NASIONALE KAMPIOENSKAPPE**

Maandag, 28 September 2015	:	Klein dissiplines
Dinsdag, 29 September 2015	:	Eventing
Woensdag, 30 September 2015	:	Rus
Donderdag, 1 Oktober 2015	:	Core League
Vrydag, 2 Oktober 2015	:	Core League



## 5. NEEM KENNIS.....

Ons heg hierby die klasbeskrywings, sowel as die beoordelingsprosedures vir die volgende Tradisionele klasse aan:

1. Tradisionele 3-gang Ryperd Afdeling;
2. Tradisionele Vertoonperd Afdeling;
3. Tradisionele Plesierperd Afdeling..

Neem asb. kennis daarvan, sodat u die arena voorbereid en met rustigheid sal kan binnegaan.

